

PROVINSIE AT PROJEKT

Property Enquiry Details

Property | Owner | Deed Document | LPE Enquiry | Interdict | Document Request | Transfer | Basic Properties | User Account | Billing

Property Enquiry Details

Home | Search | Help



Property enquiry results for "Prieska RD, 144, 0" in the Deeds Registry at "KIMBERLEY"

Property detail:

Deeds registry	KIMBERLEY
Property type	FARM
Farm name	FARM 144
Farm number	144
Portion	0
Province	NORTHERN CAPE
Registration division/Administrative district	PRIESKA RD
Local authority	EMTHANJENI MUNISIPALITEIT
Previous description	-
Diagram deed number	T15584/1978
Extent	73,40.57HA UNKNOWN
LPI Code	C06000000000014400000

Title Deeds detail:

Document	Registration date	Purchase date	Amount	Microfilm reference	Document copy?
T15584/1978CTN	19780706	-	END	-	Not available

Owners detail:

Document	Full name	Identity Number	Share	Person Enquiry?
T15584/1978CTN	PROVINSIE VAN DIE NOORD-KAAP	-	-	Yes

Endorsements / Encumbrances:

Endorsement / Encumbrance	Holder	Amount	Microfilm reference	Document copy?
CONVERTED FROM CTN	-	-	-	Not available
FARM PR 144	-	-	-	Not available

History:

Document	Holder	Amount	Microfilm reference	Document copy?
T15584/1978CTN	DIV-AFD PRIESKA	-	-	Not available

[Back to top of page](#)

Requested by **40901** with user reference **JP** on: Wednesday, 29 January 2020 14:30

DeedsWeb Version 4.0.1

Copyright © 2001-2009, Chief Registrar of Deeds.

ten opsigte van

- (1) Plaas No. 144 Prieska;
- (2) Plaas No. 145 Prieska;
- (3) Perseel 1888 gedeelte van Perseel 1019;
Boegoebergnedersetting;
- (4) Perseel 1890 gedeelte van Perseel 1019;
Boegoebergnedersetting;
- (5) Perseel 1898 gedeelte van Perseel 1019;
Boegoebergnedersetting;

almal geleë in die Administratiewe distrik Prieska die eiendom van die Republiek van Suid-Afrika - eiendomme (1) en (2) ongeregistreerde Staatsgrond en eiendomme (3), (4) en (5) gehou kragtens Sertifikaat van Geregistreerde Staatstitel No. 111/1941 gedateer 19 Augustus 1941 watter eiendomme deur die Republiek van Suid-Afrika verkoop is aan die genoemde

AFDELING PRIESKA

op 1 Oktober 1973 vir die bedrag van eënduisend driehonderd en veertig rand sewe en vyftig (R1 340,57).

SO GETUIG hierdie Akte dat ingevolge die bepaling van die Wet op die Beskikking oor Staatsgrond, 1961, en behoudens die regte van die Staat, die Republiek van Suid-Afrika hierby aan die genoemde

AFDELING PRIESKA

die se opvolgers in titel of regverkrygendes, toeken, afstaan en transporteer:

- I. DIE PLAAS No. 144, Prieska, geleë in die Administrasie Distrik Prieska;

GROOT drie en sewentig komma vier nul vyf sewe (73,4057) hektaar, soos voorgestel en omskryf op die hieraangehegte kaart L.G. No. 115/76.

ONDERWORPE aan die volgende voorwaardes:

- (a) Alle regte op edelgesteentes, edelmetale, onedele minerale en aardolie soos omskryf in die Wet op Mynregte 1967 (Wet No. 20 van 1967) word aan die Staat voorbehou; en
- (b) die voorwaardes in die aangehegte skedule B

II DIE PLAAS No. 145, PRIESKA, geleë in die Administratiewe Distrik Frieska;

GROOT veertien komma vier agt twee nul (14,4820) hektaar, soos voorgestel en omskryf op die hieraangehegte kaart L.G. No. 116/76.

ONDERWORPE aan die volgende voorwaardes:

- (a) Alle regte op edelgesteentes, edelmetale, onedele minerale en aardolie soos omskryf in die Wet op Mynregte 1967 (Wet No. 20 van 1967) word aan die Staat voorbehou, en
- (b) die voorwaardes in die aangehegte Skedule B.

III PERSEEL 1888, gedeelte van Perseel 1019 Boegoebergnedersetting, geleë in die Administratiewe distrik Frieska, gehou deur die Republiek van Suid-Afrika kragtens Sertifikaat van Geregistreerde Staatstitel No. 111/1941 gedateer 19 Augustus 1941;

GROOT twee komma nege nul een nege (2,9019) hektaar soos voorgestel en omskryf op die hieraangehegte kaart L.G. No. 118/76.

A. ONDERWORPE aan die volgende voorwaardes:

- (a) Alle regte op edelgesteentes, edelmetale, onedele minerale en aardolie soos omskryf in die Wet op Mynregte 1967 (Wet No. 20 van 1967) word aan die Staat voorbehou, en
- (b) die voorwaardes in die aangehegte Skedule B.

B. GEREKTIG tot 'n pyplynserwituut, 10 meter wyd, oor die Restant van Perseel 1019, Boegoebergnedersetting, geleë in die Administratiewe Distrik Prieska gehou deur die Republiek van Suid-Afrika kragtens Sertifikaat van Geregistreerde Staatstitel No. 111/1941 geregistreer 19 Augustus 1941, die Suid-Oostelike grens waarvan voorgestel deur die lyn G H J K L X op die hieraangehegte kaart L.G. no 118/76. ⓧ

IV PERSEEL 1890, gedeelte van Perseel 1019 Boegoebergnedersetting, geleë in die administratiewe distrik Prieska, gehou deur die Republiek van Suid-Afrika kragtens Sertifikaat van Geregistreerde Staatstitel No. 111/1941 gedateer 19 Augustus 1941;

GROOT agtien komma ses agt nul nege (18,6809) hektaar soos voorgestel en omskryf op die hieraangehegte kaart L.G. No. 119/76.

ONDERWORPE aan die volgende voorwaardes:

- (a) Alle regte op edelgesteentes, edelmetale, onedele minerale en aardolie soos omskryf in die Wet op Mynregte 1967 (Wet no 20 van 1967) word aan die Staat voorbehou, en
- (b) die voorwaardes in die aangehegte Skedule B.
- V PERSEEL 1898 gedeelte van Perseel 1019 Boegoebergnedersetting, geleë in die Administratiewe distrik Prieska, gehou deur die Republiek van Suid-Afrika kragtens Sertifikaat van Geregistreerde Staatstitel No. 111/1941 gedateer 19 Augustus 1941;

SKEDULE B (VERKOPE)

- (a) Die grond is onderworpe aan ewigdurende serwitute van waterleiding en/of dreinerings, soos omskryf in artikel 139, met insluiting van die regte bepaal in artikels 141(3) en 142(1)(a), (b) en (c) van die Waterwet, 1956, soos gewysig, ten aansien van enige bestaande kanale en afvoerslote gebou onder hierdie Staatswaterskema, ten gunste van die Republiek van Suid-Afrika en is verder onderworpe aan die reg van die Minister of ander bevoegde gesag om enige verandering of vervanging te maak in die konstruksie of roete van die gesegde kanale en afvoerslote en om addisionele kanale en/of afvoerslote te bou. Die Staat sal onder geen omstandighede aanspreeklik wees vir enige skade of verlies wat deur die eienaars gely mag word oor of op die gedeeltes wat aan die gesegde serwitute onderworpe is nie;
- (b) (i) Die Minister van Landbou of ander bevoegde gesag by wie die verpligting vir die onderhoud van die verdelingsvore en afleivore hierna mag berus het die reg om damme, reservoirs, geleidings, watervore, geute, pypleidings en afleivore op die grond aan te lê vir die toevoer van water na, of die afvoer van water van ander hoewes, of Staats- of privaatgrond, of vir publieke of ander doeleindes en om die nodige paaie langs sulke vore of afleivore te maak. Die behoorlik gemagtigde amptenare van die Staat of ander gemagtigde persone het te alle tye langs die genoemde paaie vrye deurgang oor die grond vir die doel om sluise te reël en om, ingeval van belemmering van stroom die vore of afleivore te ondersoek, skoon te maak en te herstel.
- (ii) Die Minister van Landbou of ander bevoegde gesag het altyd die reg om afleivore en dreineringsvore oor die grond aan te lê en om materiaal daarvan te neem, benodig vir herstel of onderhoud van die leivore en dreineringsvore. Die skoonmaak, instandhou en herstel van die gesegde leivore en dreineringsvore moet deur die eienaar gesamentlik en afsonderlik met ander eienaars en/of huurders van hoewes binne die nedersetting onderneem word;
- (c) Die Staat, waterraad of ander bevoegde liggaam aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige verlies wat die eienaar van die grond mag ly as gevolg van waterskaarste of enige beperking van water of enige misoeste as gevolg daarvan, of enige skade wat deur oorstroming, deursypeling of enige oorloop van water veroorsaak is nie, en die eienaar het geen eis teen die Staat, waterraad of ander bevoegde liggaam vir enige vergoeding ten aansien daarvan nie;
- (d) Alle paaie en deurgange wat wettig op die grond aangelê is moet vry en onbelemmer bly tensy sodanige paaie en deurgange op bevoegde gesag opgehef, gesluit of verander word;
- (e) 'n Reg-van-weg ten gunste van die huurders en/of eienaars van aangrensende of naburige hoewes op die nedersetting in 'n geskikte rigting na die naaste publieke pad moet te alle tye oor die grond toegestaan word, ten gunste van die eienaars, huurders of okupeerders van die ander gedeeltes op die nedersetting, mits sodanige reg-van-weg volgens die mening van bevoegde gesag nodig is;
- (f) Die eienaar moet, ingeval die hele of enige gedeelte van die grond gebruik word vir die weiding van vee van watter soort ookal, die grense daarvan asook die kante van alle besproeiingskanale, vore of afleivore wat daarvoor gaan, omhein ooreenkomstig spesifikasies deur die Minister van Landbou vasgestel.

GROOT een komma, sewe een drie een (1,7131) hektaar soos voorgestel en omskryf op die hieraangehegte kaart L.G. No. 127/1976.

ONDERWORPE aan die volgende voorwaardes:

- (a) Alle regte op edelgesteentes, edelmetale, onedele minerale en aardolie soos omskryf in die Wet op Mynregte 1967 (Wet no 20 van 1967) word aan die Staat voorbehou, en
- (b) die voorwaardes in die aangehegte Skedule B.

ALDUS GEDOEN en ONDERTEKEN deur die Beheer-administratiewe Beampste, Departement van Landboukrediet en Grondbesit, Pretoria op hierdie 20.5.78 dag van 20.5.1978 behoorlik daartoe gemagtig ingevolge die Wet op die Beskikking oor Staatsgrond, 1961.

[Handwritten Signature]
 BEHEER-ADMINISTRATIEWE BEAMPSTE
 DEPARTEMENT VAN LANDBOUKREDIET
 EN GRONDBESIT

Volmag G.P.A. 340/76 Item 17(a)(v)

GEREGISTREER in die ^{Ploos} Erwe Register van

Prieska

- 1. BOEK folio *144/1*
- 2. BOEK FOLIO *145/1*

GEREGISTREER in die Erwe Register van

Boegoeberg *gradersetting*

- 3. BOEK FOLIO *1888*
- 4. BOEK FOLIO *1890*
- 5. BOEK FOLIO *1898*

op die *6 de* dag van *JULIE* eenduisend negehonderd agt en sewentig (1978) te KAAPSTAD.

M. M. M. M.
REGISTRASIE KLERK

[Handwritten Signature]
REGISTRATEUR VAN AKTES